

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 4 September 2011**

Oggenddiens 09:30			Jeugdiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 89:1 & 3	Bl.444	Psalm 111:1,2,3,4	Bl.555
2.	Psalm 4:3 & 4	Bl.15	Psalm 20:4, 5, 7	Bl.91
3.	Psalm 50:1 & 11	Bl.254	Skrifberyming 14-2:1	
4.	Psalm 90:1, 7, 9	Bl.454	Skrifberyming 13-2 (Amen)	
5.	Skrifberyming 13-2 (Amen)			
Esegiël 16:1-19 & Joh.15:1-8			Spreuke 14:1-16 & Jak. 14:13-17	

**BEROEPING VAN 'N PREDIKANT**

Vanoggend, voor die erediens, gaan die gemeente hulle stemme uitbring vir 'n predikant om na die gemeente beroep te word. Die dubbeltal met die oog op beroeping (met gepaardgaande inligting oor die predikante) is:

- **Ds. Carl Albert (Carel) Jansen (ouderdom: 48jr)**
BA, ThB, Bloemfontein-Suidheuwels 1991-1999,
Welkom-Noord 1999-2006, Secunda 2006.
- **Ds. G (Griffel) van Wyk (ouderdom: 31)**
BTh, Hons-BTh, MDiv, MTh, Kaapstad 2006-2007,
Pretoria-Brooklyn 2007.

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 4 September 2011

Nommer 24

DIE LEWE MAG GENIET WORD

Mense dink godsdiens is 'n lang gesig besigheid. Die wêreld mag maar lag en vrolik wees maar die Christen moet fronsend en dikbek rondloop. Die grappie word vertel van die ouderling wat die onbekende dominee op die stasie moes gaan ontmoet. Nadat al die mense van die trein afgeklim het, stap die ouderling na 'n man toe en vra hom: "Is u ds. Van der Merwe?" Vinnig antwoord die man: "Nee! Ek het las van my gal, daarom lyk ek soos 'n predikant!" Ongelukkig is daar mense wat meen 'n gelowige moet lyk soos iemand wat 'n galaanval het; strakgesig, pynlike uitdrukking om die mond, slap oë en hang skouers.

♦ Dit is nie hoe Christus die gelowige wil sien nie.

♦ Nié met 'n strak gesig, lewensvreemde houding, dowwe oë.

Die Gees van God bring vreugde, blydschap, opgewektheid. Om die lewe te kan geniet is 'n gawe van God [Pred.3:13, Pred.5:18]. Die Bybel rig die uitnodiging: wees bly! [Jes.65:18-19, Luk.15:32, Op.19:7]. Die ongelowiges praat ook so. Maar hulle praat 'n ander taal. Die vreugde van die lewe is vir hulle te soek in die dinge wat nie rym met die wil van God nie. Hulle genot is roes en leegheid omdat hulle Christus nie ken nie. Die geloof bring, soos sout, die smaak van die alledaagse lewensvreugde na vore, want die geloof bring 'n nuwe wyse van bestaan in die wêreld. Die wêreld en die lewe is 'n geskenk uit die hand van God wat jy as gelowige in vryheid en met verantwoordelikheid moet gebruik. Lewensgenieting is 'n geloofsdaad. Vrolikheid en vreugde is 'n opdrag van die Here. Omdat die Christen verlos is, dra sy lewe die karakter van 'n skaterlag van vreugde. Maar in dit alles moet jy die grense wat God stel eerbiedig.

Dr. Nico van der Merwe

Die opsommings van die preke sal
weer volgende Sondag geplaas word

SENDING- EN EVANGELISASIEKONFERENSIE

Die beplande Sending- en Evangelisasiekonferensie waaroor daar vroeër berig is, se datum is uitgestel na die *naweek van die 14de tot die 16de Oktober 2011*. Inligting hieroor is ook te vind op die konferensie se Facebook-groep, “Konferensie”, of skakel Jaco Lemmer, tel: 083-610-2421.



KERSPROGRAM

Dit is hierdie jaar ons gemeente se voorreg om die jaarlikse gesamentlike kersprogram te reël en aan te bied. Die voorlopige datum hiervoor is Sondag 27 November 2011. Lidmate word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die program by wyse van koorsang, musiekinstrumente of voorlesings. Alhoewel amptelike oefendatums/-geleenthede nog nie vasgestel is nie, nooi ons belangstellendes uit om intussen in verbinding te tree met die volgende persone: Hennie Venter – 082 324 2713 Martie Venter – 073 826 3526 Beide kan ook per epos bereik word by eisi@vodamail.co.za



MOENIE AS GELOWIGE ALTYD UITSTEL NIE

Matteus 4:20

Uitstel is so goed soos afstel. As jy iets wat dringend is moet doen, moet jy dit dadelik doen. So het Jakobus en Johannes gedoen toe Jesus hulle as dissipels geroep het. Hulle het hulle werk in die visbedryf van hulle pa langs die Galilea See onmiddellik verlaat en Jesus gevolg. As dissipels van Christus is hulle toegerus en bekwaam gemaak om na sy hemelvaart die evangelie van verlossing wêreldwyd te verkondig. Dit is nie net die dissipels wat deur Christus geroep is nie. In die Bybel het God die roeping van elke gelowige opgeteken. In elke hoofstuk van elke boek in die Bybel staan God se roeping vir jou. Hoe dikwels neem die gelowige die standpunt in dat hy môre of oormôre of volgende maand dit sal doen. Dan word uitstel net afstel. Die son moet nie een dag oor 'n onvervulde roeping ondergaan nie. Doen *dadelik* wat God jou vra.

Dr. Nico van der Merwe



UITNODIGING

Halfeeu fees van die Gereformeerde Kerk Orkney

Die Gereformeerde Kerk Orkney is op 3 Desember 1961 gestig. Die gemeente dank en eer die Here vir sy 50 jaar van genade en seën. Die halfeeu fees word gedenk die naweek van 26 en 27 November 2011. Lidmate van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord wat op een of ander wyse betrokke was by die Gereformeerde Kerk Orkney, word hartlik uitgenooi om Saterdag, 26 November 2011 saam met Orkney se lidmate te kom verkeer en Sondag, 27 November 2011, Nagmaal te vier, met die nodige toestemming van hulle kerkrade. Lidmate wat die feesgeleentheid wil bywoon, skakel asseblief met Freddie Rust n/u by 018-473-3041 of met Anita Snyman by 018-473-3533, sodat die nodige reëlings getref kan word. Orkney sien daarna uit om almal tydens die feesgeleentheid te ontvang. Met die oog op 'n gedenkboek, word lidmate met interessante herinneringe, foto's of enige ander inligting oor die verlede van Orkneygemeente, vriendelik versoek om dit aan ons te stuur na: **Posbus 493, Orkney 2620**. Belangstellendes word ook uitgenooi na 'n Gholfdag, DV Saterdag, 1 Oktober 2011 op Orkney se pragtige gholfbaan. Kom neem deel van vroeg tot laat. Vir verdere inligting skakel met Mickey Daniel: 082-552-8031.



LIDMATE TER APPROBASIE VOORGEHOU


Die volgende lidmate is ter approbasie verkies vir die besondere dienste. As *diakens*: brs. Niel Lemmer, Kota Cloete, srs. Marlene Lemmer, Ronel de Klerk, Marietjie van Aswegen, Tina Stols, Elmarie Kruger, Ansie van Vuuren. As *ouderlinge*: Brs. Frans Smit, Hennie van Rooyen, Nic Lemmer, Chris van Vuuren, Chris Brits, Jan de Klerk jr. Baie sterkte met die oorweging van die roeping.



JEUGDIENS

Vanaand is die erediens 'n *jeugdiens* om 18:00. Na afloop van die erediens kuier die jongklomp in die saal. Sal elke seun 'n bottel koeldrank en elke dogter 'n groot pak chips/bordjie eetgoedjies saambring





BYBELSTUDIE

1.	SONDAG 11 September 2011 ~ Die Hebreërbrief	
	19:00 – 20:00	In die konsistorie
2.	WOENSDAG 14 September 2011 ~ Lukas-evangelie	
	10:00 – 11:00	In die pastorie



KLERE VIR 'N TWEJARIGE SEUNTJIE

Deel van die betrokkenheid van die diakens by die gemeenskap, is onder andere om hulp te verleen aan kinderhuise. In hierdie verband vra die diakonie asseblief hulp ten opsigte van klere vir 'n 2-jarige seuntjie wat pas opgeneem is in 'n kindershuis en nood het ten opsigte van klere (somersklere). Enigeen wat kan help met skenkings of donasies, skakel asseblief met sr. Hanlie Mocke (083-777-8340).



PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk

Skakel Corrie Botha 083 429 4824



MOTOR TE KOOP GESOEK – KAN IEMAND HELP?

'n Goedkoop motor word benodig vir 'n jong moeder in ons gemeente om mee werk toe te ry. Die werk is baie belangrik vir haar aangesien sy daarmee help om haar gesin te versorg. Sy sal 'n maandelikse bedrag (tot en met R1000) kan afbetaal. Skakel asseblief met oudl. Johan Mocke by 083 292 8337, wat die saak fasiliteer.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds RB Fourie van Boksburg-Suid na Potchefstroom-Oos.
- Ds RB Fourie van Boksburg-Suid na Pretoria-Wes.
- Ds GB Sibiya van Mamelodi na Mabopane.

BEROEPE AANVAAR

- Ds LAS Nel van Elandskraal na die Christian Reformed Church of Langwarren in Melbourne, Australië.
- Ds GB Sibiya van Mamelodi na Mabopane.


BEROEPE BEDANK

- Ds HB Coetsee van Ontdekkers na Pretoria-Wes.
- Ds JC van Dyk van Ventersdorp na Krugersdorp as medeleraar.



KATKISASIE DEUR DIE PREDIKANT

Soos vroeër aan die gemeente bekendgemaak sal dr. Sarel van der Walt vanmôre, die laer- en hoërskoolkinders, gesamentlik neem vir 'n katkisasie les. So 'n gesamentlike klas sal, volgens besluit van die Kerkraad, een keer per kwartaal plaasvind.



PRAATJIE DEUR PIETER TER HAAR

Op Sondag 18 September 2011 DV, na die aanddiens, gaan Pieter ter Haar die gemeente toespreek. Pieter en sy vrou is werksaam in Sri Lanka waar hulle aan die stuur van 'n kindershuis staan, maar dit ook as platform gebruik om sendingwerk te doen. Pieter sal die besondere en werklike agtergrond en perspektief kan gee vanuit hulle bediening. Alle belangstellendes is baie welkom om hierdie byeenkoms by te woon.





KOLLEKTES			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
4 September	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds	
11 September	Barmhartigheid	GKSA Emeritaatsfonds	
18 September	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma	
25 September	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma	
GEMEENTEPROGRAM			
Sondag 4 September tot Saterdag 1 September 2011			
Sondag 4 September	Oggenddiens	09:30-10:30	
Sondag 4 September	Katkisasie	10:30-11:00	
Sondag 4 September	Jeugdiens	18:00-19:00	
Woensdag 7 September	Byeenkoms susters	18:00	
TEESKINKBEURTE			
Sondag 4 September 2011	Wyke 06 & 07		
Sondag 11 September 2011	Wyke 08 & 09		
Sondag 18 September 2011	Wyke 10 & 11		
Sondag 25 September 2011	Wyke 12 & 13		
Verjaarsdae			
6 Sept	Elsa van der Walt	Wyk 08	018-468-8630
6 Sept	Daleen du Plessis	Wyk 11	018-468-3301
7 Sept	Carike Lemmer	Wyk 01	082-505-5565
8 Sept	Oom Ben van Zyl	Wyk 22	018-468-2847
9 Sept	Xander Gainsford	Wyk 03	083-231-4404
9 Sept	Ansie van Vuuren	Wyk 10	018-462-7954
10 Sept	Annemarie Friedrich	Wyk 22	018-468-5249
10 Sept	Bennie van der Walt	Wyk 04	018-468-6891
<p>Hartlike gelukwensing met u verjaardagviering. Mag die Here julle lewe vul met voorspoed en geluk en julle innerlik versterk deur sy Gees.</p>			



LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- **Br Paul Vorster** verbeter baie mooi in Wilmed waar hy nou in Saal A versorg word.
- **Tannie Emma van Dyk** het verlede week haar eerste sessie chemo-terapie ontvang. Op die oomblik sukkel sy nog baie met nuwe-effekte daarvan. Ons bid haar krag toe in hierdie tyd, en sterkte op die res van die behandeling.
- **Tannie Emma Bezuidenhout** sterk aan by haar dogter Ria in Hartebeesfontein na haar hospitalisasie die afgelope tyd. Dit gaan ook onder omstandighede beter met **oom Peet**.
- **Mollière Duffue** is die afgelope week in Wilmed behandel vir klierkoors, maar is reeds weer ontslaan, alhoewel hy nog vir 'n week afgeboek is. Baie sterkte, Mollière
- Aan almal wat geraak is deur, of verliese gely het na aanleiding van die onlangse veldbrande, bid ons dat God julle in hierdie tyd sal dra om dit te kan deursien.



KATKISASIE DEUR PREDIKANT

Soos vroeër al berig, het die kerkraad dit goedgekeur dat die predikant eenkeer per kwartaal vir al die kinders saam katkisasie gee. Die wenslike sal wees om die laerskool en hoërskoolkinders tydens aparte geleenthede te onderrig, maar vir die eerste geleentheid gaan al die kinders (laerskool en hoërskool) saam 'n klassie ontvang, synde dit ter inleiding sal wees tot lesse wat later (en dan afsonderlik vir laerskool en hoërskool) aangebied gaan word. **Die eerste van hierdie katkisasie-geleenthede is vandag in die gewone tydgleuf na die oggenddiens in die kerkgebou.**

